# Eenheid 2 Simbole en sleutels

**SLEUTELVRAAG**

Hoe word dinge en plekke op kaarte aangedui?

Jy kan nie altyd alles met 'n tekening of in skrif wys nie. Soms is dit beter om simbole te gebruik. **Simbole** is klein tekeninge, lyne, letters en gekleurde areas.

## Aktiwiteit

1. Kyk na die tabel. Die eerste kolom bevat simbole wat ons in die daaglikse lewe teëkom.
2. Pas nou die korrekte betekenis van elke simbool deur te kies uit die woorde in die kassie aan die linkerkant. Maak seker dat jy die regte betekenis langs elke simbool invul.

**Simbole** – klein tekeninkies met 'n spesifieke betekenis

Toilette

Mediese hulp

Jy kan hier inligting kry

Rook verbode

Gevaar!

'n Omgewing wat geskik is vir rolstoele

| Simbool | Wat dit beteken |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |